

LL

Saak No 510/1991IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKAAPPÈLAFDELING

Insake die appèl van:

EDSON MUENDA

Appellant

teen

DIE STAAT

Respondent

CORAM:VAN HEERDEN, VIVIER et F H

GROSSKOPF ARR

VERHOORDATUM:

18 MEI 1992

LEWERINGSDATUM:

22 MEI 1992

---

UITSpraak

---

VAN HEERDEN AR:

Op 26 September 1988 was wyle Frederick Joubert en sy vrou op pad na hulle plaas, Paardefontein, in die distrik van Wonderboom. Op hul beurt het die appellant en sy broer, Walter, in die teenoorgestelde rigting langs die pad gestap. Die oorledene het stilgehou en na 'n gesprek met die stappers is ooreengekom dat die appellant vir hom sou werk teen R125 per maand. 'n Reëling is ook met Walter getref maar dit is nie tans ter sake nie. Met die stappers agter op die oorledene se bakkie is hulle toe vort na Paardefontein.

Nadat die appellant vanaf Dinsdag, 27 September, tot Vrydag, 30 September, vir die oorledene gewerk het, het hulle op voorstel van die oorledene ooreengekom dat die apopellant R85 per maand betaal sou word maar dat die oorledene hom ook van melk, vleis en meel sou voorsien. Drie dae later is die oorledene vermoor. Hy is naamlik vroegoggend van

3 Oktober aangerand terwyl hy 'n koei gemelk het. In die loop van die aanranding is hy vyf houe met 'n swaar hamer toegedien wat sy skedelbeen en brein beskadig het. Elk van die houe was noodlottig.

Hierna het die appellant en Walter in die opstal vir mev Joubert aangerand, haar vasgebind, en stelselmatig 'n veeltal items geroof. Uiteindelik het hulle hul buit op die oorledene se bakkie gelaai en daarmee weggery.

Voortspruitende uit hierdie voorvalle is die appellant en Walter in die Transvaalse Provinsiale Afdeling skuldig bevind aan onder andere moord en roof. Wat die moordklag betref, is bevind dat daar in die geval van die appellant, 'n dertigjarige man, geen versagtende omstandighede was nie. Gevolglik is hy ter dood veroordeel. Sy appèl teen dié vonnis dien tans voor ons ingevolge die bepalinge van art 19(12)(a) van die Strafwysigingswet 107 van

1990.

By die verhoor het die appellant en Walter die blaam rakende die moord oor en weer op mekaar gelê. Die verhoorhof het egter bevind dat hulle van meet af saamgewerk het. Vir huidige doeleindes hoef slegs vermeld te word dat volgens bedoelde bevinding, wat tereg nie op appêl aangeveg is nie, beide Walter en die appellant vooraf besluit het om die oorledene onskadelik te stel; dat hewige fisiese geweld onverwags op hom toegepas moes word; dat 'n hamer vir dié doel gebruik sou word; en dat roofsg die beweegrede vir die aanval was.

Die appellant se advokaat het betoog dat 'n aantal versagtende faktore aanwesig was. Slegs drie daarvan verdien vermelding. Die eerste is dat die appellant nie 'n vorige veroordeling vir 'n geweldsmisdaad het nie. Dit is inderdaad so dat die appellant op slegs een vorige geleentheid aan 'n misdryf

skuldig bevind is, nl wederregtelike besit van 'n vuurwapen en ammunisie, en hierdie faktor dien dus oorweeg te word. Die tweede is dat die appellant se skuldvorm dolus eventualis was. Dit is nie heeltemal duidelik of die verhoorhof bevind het dat slegs sodanige opset bewys is nie, maar die getuienis laat by my geen redelike twyfel nie dat vooraf beplan was om die oorledene te dood. In elk geval, al was direkte opset nie aanwesig nie, was die moontlikheid, of liever waarskynlikheid, van die intrede van dood na 'n aanval met 'n hamer in die kontemplasie van die daders so groot dat ontbreking van direkte opset nie versagtend kan inwerk nie.

Die derde faktor waarop die advokaat gesteun het, is die berou wat die appellant getoon het deur 'n bekentenis te maak en uitwysings aan die polisie te doen. Al wat hieroor gesê hoef te word, is dat die appellant klaarblyklik 'n verduideliking

moes gee toe hy met 'n deel van die buit in sy besit betrap is, en dat in sy verklaring, en weer eens in sy getuienis, die appellant valslik getrag het om hom so ver moontlik van blaam vir die moord te onthef.

Namens die appellant is tereg toegegee dat 'n aantal verswarende omstandighede aanwesig was.

Hulle was:

1) Die moord was nie op die ingewing van die oomblik gepleeg nie; intendeel was daar berekende vooraf beplanning.

2) Die enigste motief vir die roof was om die oorledene uit die weg te ruim sodat die beplande roof suksesvol deurgevoer kon word.

3) Die slagoffer was 'n sestigerjarige man wat nie weerstand teen 'n geweldadige aanval van twee veel jonger booswigte sou kon bied nie.

4) Die aanval was gemik teen 'n persoon wat saam met sy vrou op 'n redelik afgeleë kleinhoewe

gewoon het.

5) Die aanval het bestaan uit die toebrenging van vyf houe met 'n hamer wat elk in sigself dodelik was.

6) Nadat hierdie houe toegedien is, en die oorledene tot die wete van die appellant en Walter dood of sterwend was, het hulle voortgegaan om mev Joubert aan te rand en te terroriseer, en om die opstal van waardevolle items te stroop.

By opweging van hierdie faktore teen die enkele versagtende faktor spreek die oogmerke van afskrikking en vergelding so luid dat die doodstraf die enigste gepaste vonnis is.

Die appèl word afgewys.

H J O VAN HEERDEN AR

VIVIER AR

STEM SAAM

F H GROSSKOPF AR